

12 Februarie - BOOM

Skrifgedeelte: Psalm 1 (OAV)

Ons almal worstel met die stryd teen die sonde. Dit is 'n daaglikse stryd in my binneste tussen die gees van my ou mens en die Gees van God (Gal 5). Die ou mens wat my die raad van die goddelose wêreld wil laat volg, my weglok om te doen wat die wêreld doen, en dit ook dikwels regkry om my vir 'n tyd lank in die sonde te laat sit.

Wanneer ek na die ou mens luister, dan is daar nie standvastigheid in my lewe nie. Dan ervaar ek dat ek heen en weer gewaai word deur die winde van versoeking en beproewing.

Wanneer ek egter na die Gees van God luister, besef ek dankbaar dat God my as gelowige standvastigheid gebied het deur my in die geloof soos 'n boom by 'n waterstroom te plant. As ek my geloofswortels in die water van die lewe – Christus – laat insak en my lewe vul met sy genade en vergifnis, en die vernuwende krag van sy Gees indrink, dan kom daar standvastigheid in my lewe.

Dan is ek regtig soos 'n sterk boom wat by 'n waterstroom staan en waarteen die storms van die lewe waai sonder om my om te waai. Die koue stormwinde van versoeking en beproewing laat nie my blare verwelk en afval nie, nee, deur Gods genade bly ek staande! Meer nog, deur in Christus te lewe en my deur sy Gees te laat lei, dra ek ook my vrugte van dankbaarheid.

Hoe lewe ek in Christus en hoe laat ek my deur sy Gees lei? Deur my daaglik te vul met die lewende water van die Woord van God (vs 2). Om dit dag en nag te oordink en in noue gemeenskap met die Here te leef. Vanuit hierdie gemeenskap met die Here kom dan die stukrag waarmee ek my geloofsvrugte vir die Here kan dra. Die vrug van die Gees word dan in my lewe sigbaar en die gawes van die Gees word dan kragtig werksaam in my lewe.

Voel jy soms verdwaal en windverwaai deur die lewe? Moet dan nie rondkyk na die wêreld vir hulp nie – kyk af na jou voete! Waar staan jy? Staan jy met jou voete in die waterstroom van die lewe? Ja, dan sal jy standvastigheid kry en met vreugde jou vrugte vir die Here dra.

Sing: Psalm 1:1, 2, 3 (1936)

Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)